Leipie Nuus

19-28 MAART 2018

Nommer 9/2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 19 Maart
Netbal: Oefening o/8-o/9 vanaf 14:00-15:00, o/10-o/13A&B, o/12-o/13C vanaf 14:00-15:15, o/10-o/11C vanaf 15:15-16:15
Rugby: Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00
Voortrekkers: Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan
Musiekblyspel: Opnames in die Mediasentrum

Di 20 Maart
Rugby/Netbal: Wedstryde vs L/s Villieria (weg) (Slegs o/10-o/13 A&B netbalspanne)
Netbal: Oefening o/8-o/9, o/10-o/13C vanaf 14:00-15:00
Skaak: Afrigting vanaf 14:15-15:15
Musiekblyspel: Opnames in die Mediasentrum

Wo 21 Maart
Vakansiedag: Menseregtedag

Do 22 Maart
Rugby: Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00
Netbal: Oefening o/8-o/9 vanaf 14:00-15:00, o/10-o/13A&B vanaf 14:00-15:15, o/10-o/13C vanaf 15:15-16:15
Musiekblyspel: Opnames in die Mediasentrum (moontlik)
Ouerleiding: Gr R om 18:00
Foto: Skaakdeelnemers word 1ste pouse afgeneem

Vr 23 Maart
Rugby: Wedstryd o/10 vs L/s Monumentpark (weg)
Tennis: Rondomtalie o/11 seuns & dogters

Sa 24 Maart
Atletiek: Gr R atletiek
Bulletjierugby: Wedstryde te L/s Villieria

So 25 Maart
Netbal: o/13 netbaltoer vertrek na Bloemfontein tot 28 Maart

Ma 26 Maart
Netbal: Oefening o/8 vanaf 14:00-15:00
Rugby: Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00
Voortrekkers: Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Di 27 Maart
Rugby: Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00
Netbal: Oefening o/8 vanaf 14:00-15:00
Skaak: Afrigting vanaf 14:15-15:15

Wo 28 Maart
Akademie: **Skool sluit 10:00.** Heropen 10 April. Rapporte word uitgedeel

BELANGRIKE DATUMS:
21 Maart: Openbare vakansiedag – Menseregtedag
25 Maart: o/13 Netbaltoer na Bloemfontein tot 28 Maart
28 Maart: Skool sluit om 10:00 vir vakansie
30 Maart: Rugby 1ste span – Sportweni tot 4 April
10 April: Skool heropen om 7:30
12 April: H/s Centurion opedag vanaf 17:00-20:00
13 Junie: L/s Louis Leipoldt Gholfdag te Centurion Gholfbaan

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)
Skaak: D4 Individuele skaaktoernooi: o/13 seuns – Luc Muller, Lourens Nel presteer baie goed. o/11 seuns – Stiaan Grünenfelder- 3de plek.
Netbal: Taenique Calitz- deur na Gauteng proewe.
ATKV Redenaars: Die volgende leerders gaan deelneem aan rondte 1 van die ATKV se redenaarskompetisie:
Gr 1-3: Minke Dekker, Mia Scharbort, Marcel de Waal, Mikayla Smit, Giandré Claassen, Tshepang Ledingwane.
Gr 4-5: Carla Venter, Hugo Strydom, Nina Strydom, Mienke Jansen, Johnathan de Clerk, Dawid v/d Heever.
Gr 6-7: Paul Strydom, Mia v/d Heever, Luché Steyn, Danike Korf, Gideon Markram, Wilco Olivier.
Skyfskiet: Stiaan Grünenfelder- Skiet Streekskompetisie – o/13 Veerliggeweer Silwer.

SENIORKOOR OUDISIES:
Na die musiekblyspel opnames word oudisies gedoen vir die koorlede vir die res van 2018. Dit is vir Gr 4 leerders en nuwe leerders in die skool vanaf 2018. Oudisies vind plaas op **26 Maart vanaf 13:50 – 15:00 in die saal.** Oudisies met die oog op die ***Sing in Harmonie kompetisie***. Insetsel opnames by skool op **12 April om 10:00.** ***Sing in Harmonie*** optrede/opname by Emperors Palace op **9 Mei om 18:30.** Leerders wat op 26 Maart verkies word oefen op 27 Maart vanaf 13:50 – 15:00 saam met die lede wat reeds verkies is. Kooroefeninge 7, 14 en 27 Maart. Opnames vir die musiekblyspel 19, 20 en moontlik 22 Maart. Gr 4-7 leerders moet tot 14:30 beskibaar wees.

INDIVIDUELE FOTO'S:
Word afgelewer die week van 19-23 Maart. Leerders moet asb die foto's in 'n plastiekkoevert of stewige boek plaas sodat dit nie buig nie. Vir enige navrae kontak asb Me A v Rensburg by die skool, **nie die fotograwe nie.**

UIT DIE KANTOOR:
Skool sluit op Woensdag 28 Maart om **10:00** vir die April skoolvakansie. Rapporte word uitgedeel. Skole heropen weer op **10 April** om 7:30. Ons wens al ons ouers, leerders en personeel 'n veilige en geseënde tyd toe.

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

Mnr JF Naudé begin op 20 Januarie 1964 as nuwe permanente hoof. Op 30 September 1976 tree Mnr JF Naudé uit die diens. Mnr Naudé word op 9 Mei 1977 deur Mnr WW de Vos as die derde permanente hoof opgevolg.

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103 (skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 1475705

OUDISIES VIR MUSIEKBLYSPEL:
Oudisies vir praatrolle:
Gr 6 & 7 leerders wat belangstel in 'n **praatrol** in die musiekblyspel is welkom om vir die oudisies te kom. Daar is slegs 9 rolle beskikbaar. Leerders wat die oudisies slaag neem deel aan die musiekblyspel in 'n praatrol. Hierdie leerders dans nie ook saam met hulle graadgroep nie. Die koste is R400 soos vir ander deelnemers. Die leerders sal beskikbaar moet wees op **Woensdae van 16:00 - 17:00** vir die duur van die tweede en derde kwartaal. Leerders wat die oudisie slaag moet oefeninge getrou bywoon. Leerders wat ander aktiwiteite het sal nie verskoon word van oefening nie, daarom is dit wenslik om nie baie aktiwiteite aan te pak wat moontlik kan bots nie. Oudisies sal plaasvind op **Dinsdag 24 April** in die saal. Slegs voornemende deelnemers word in die saal toegelaat. Geen toeskouers toegelaat nie.
Oudisies vir openingsdans van musiekspel:
Gr 6 & 7 dogters wat 'n jaar of meer les neem in enige danssoort, ballet, moderne dans, ens is welkom om vir die oudisies vir die openingsdans te kom. Die eerste oudisie is op **Maandag 16 April** en die finale oudisie op **Maandag 23 April.** Die oudisies sal slegs op hierdie dae gedoen word van **16:00 - 17:15. Daar sal geen ander tye beskikbaar wees nie.** Die persoon wat die item afrig is professioneel en haar tyd is beperk aangesien sy by verskillende skole en studios les gee. Die belangrikste vereiste vir toelating naas die oudisie is dat dogters Maandae van 16:00 - 17:15 moet oefen. Daar is net 14 oefendatums beskikbaar en geen verskonings of laatkomery sal toegelaat word nie. Daar sal ekstra kostes vir die kostuum van die openingsdans wees. Dogters kan ook saam met hul graadgroep deelneem. Die kostes daarvoor is R400 soos vir alle deelnemers
Enige reëlings word met Me A van Rensburg getref en nie met die choreograaf nie. Leerders wat die oudisie slaag moet getrou die oefeninge bywoon.
Ouers moet asb reël by watter hek hulle die dogters sal afhaal om 17:15.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

SKAAK:
Foto's word Donderdag 22 Maart 1ste pouse van die volgende groepe geneem:
Dinsdae se groep wat afrigting by oom Hans kry.
Almal wat Woensdae sosiale skaak speel (al kom jy nie elke Woensdag nie).
Deelnemers aan D4 skaaktoernooi – Luc Muller, Lourens Nel, Stiaan Grünenfelder.

MUSIEKBLYSPEL OPNAMES:
Opnames vind plaas vanaf 19 Maart in die mediasentrum. Stilte asb om die mediasentrum en by die hekke. Gr 4-7 leerders moet 19 Maart tot 14:00 beskikbaar wees. Huiswerk word soos normaalweg gedoen, kry asb by onderwysers.

BALLE OP TERREIN:
Balle moet tydens wisseling asb in sportsakke wees. Mag nie op stoepe en tussen motors gehop/gegooi word nie.

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie **Makro** en **My School** kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n **My Schoolkaart**. U ontvang dadelik u **My School kaart.** Indien u reeds 'n **Makrokaart** het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in **Makro** doen, dit is 'n vinnige proses.

GRAAD 7 TRUIE:
Alle Gr 7 leerders mag in 2018 'n trui dra wat geborduur is met Gr 7 en LL logo. Handig asb moulose-/langmoutrui in 'n sak met naam op en R15 ingesluit by Me v Rensburg in vir borduurwerk. Dit neem ongeveer 1 week.